# WEEK 9 – DIE SLEUTEL* TOT EGTE GELOOF

**Die bedoeling van hierdie skrywe is nie om antwoorde te gee of as 'n Bybelstudie stuk te dien nie. Die bedoeling is eerder om 'n effense ongemak te prikkel oor die wyse waarop ons oor ons geloof/godsdiens dink. Mag die Heilige Gees die ongemak gebruik om nuwe denke en geestelike verdieping by my en jou te kweek!*

**Kyk gou na die twee parallelle verhale hieronder:**

**VERHAAL 1:** [1]Ek het onlangs die behoefte gehad om 'n Radioamateur te word. [2]Ek het daarom die nodige opleiding ontvang, kennis opgedoen en die betrokke eksamens geskryf sodat ek 'n gelisensieerde Radioamateur kan word. [3]Nadat ek dit voltooi het, het ek outomaties deel geword van die SARL (Suid-Afrikaanse Radio Liga) en benut nou die voordele daaraan verbonde. [4]Ek woon gereeld veld dae, radiomarkte en liga vergaderings by. [5]Ek geniet dit baie om 'n Radioamateur te wees.

**VERHAAL 2:** [1]Ek het onlangs die behoefte gehad om 'n christen te word. [2]Ek het daarom die nodige katkisasie ontvang, tot bekering gekom en belydenis van geloof afgelê sodat ek 'n lidmaat van die kerk kon word. [3]Nadat ek dit voltooi het, het ek outomaties deel geword van die NGK (Nederduits-Gereformeerde Kerk) en benut nou die voordele daaraan verbonde. [4]Ek woon gereeld uitreike, eredienste en taakspan vergaderings by. [5]Ek geniet dit baie om 'n christen te wees.

Dit mag dalk wees dat dié tweede verhaal ietwat vereenvoudig klink, maar in werklikheid weerspieël dit tog iets van die mentaliteit waarmee baie kerkmense hul godsdiens uitleef. Hier gebruik ek doelbewus die woorde “kerkmense” en “godsdiens”. Het jy opgelet dat die twee verhale ontstellend baie dieselfde klink en tog is geeneen van hulle juis verregaande nie? Wat is die een goue draad wat deur hulle loop? Altwee vertel die prosedure rondom die verkryging van lidmaatskap tot 'n bepaalde klub. Giet ons dan ons geloof in die vorm van 'n christelike klub? Is ons geloof dan beperk tot die konstitusie van 'n liga? In der waarheid is daar niks verkeerd met verhaal twee nie. Dit is nie *onwaar* nie, net *onvoltooid*. Die oomblik wat ons geloof beperk is tot ‘n godsdiens…kerk…gemeente se geestelike grense word ons geloof afgestomp. Daar is soveel meer! Om eredienste en vergaderings by te woon en deel te neem aan uitreike is natuurlik reg en wonderlik, maar dit kan nie daar bly nie. Jesus sê self in Mat. 7:21 dat nie elkeen wat vir Hom sê Here, Here, in die koninkryk van die hemel sal ingaan nie. Jesus sê ook dat daar baie mense is wat hulself teen hierdie uitspraak sal verdedig deurdat hulle verwys na al die wonderlike dinge wat hulle in Sy naam gedoen het. Is al hierdie dinge wat hulle gedoen het dan nie genoeg nie? Volgens Mat. 7:21-28… nee!

Jesus vra meer as die dinge wat ons *doen*. Hy vra meer as die dinge waarmee ons onsself in die kerk mee besig hou. Ek sê weer: **hierdie *dinge* is nie verkeerd of onwaar nie, net onvoltooid.** Jesus vra dat ons 'n intieme verhouding met Hom sal hê. Wanneer ons 'n intieme verhouding met Jesus het, kom die ander *dinge* vanself. Jakobus se hele teologie is gebaseer op hierdie twee bene: *glo en doen!* Ons raak so gereeld opgevang met al die *doene* in ons lewens, dat ons nie by die *glo* uitkom nie. Die een is nie meer belangrik as die ander nie, maar sonder die een, is die ander een *onvoltooid*.

Ek wil jou uitnooi om hierdie skrywe verder *self* te voltooi. Die volgende vrae sal jou help om verder hieroor te dink:

- Hoe onderskei ons tussen *geloof* en *godsdiens*?
- Is daar 'n bepaalde volgorde waarvolgens dié twee funksioneer?
- Wat is in *jou* lewe nodig om die beoefening van jou godsdiens te *voltooi*?
- Mat. 7:21-23: Waar pas God se genade hierin?